JULIE / AUGUSTUS 2018

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord"* (Jer. 33:3)

JAPANSENDING

*Geroep om te Dien*

# HOOP OP DIE HEERLIKHEID WAT KOM



"Min het grootgeword in Noord-Korea, het getrou en twee kinders gehad. Gedurende 2004 was daar 'n erge hongersnood en verskriklike toestande in Noord-Korea wat so ondraaglik was dat sy besluit het om die hoogs bewaakte grens van Sjina by die Tumenrivier oor te steek en werk te soek om haar gesin te kan onderhou. "Ek het 'n maatskappy, wat bande het met Suid-Korea, raakgeloop wat vir my 'n werk gegee het," het sy gedeel. "Ek het gewerk, terwyl ek honger gely en die dae getel het tot ek weer met my gesin herenig sou kon word.

Terwyl ek gedurende 2008 in Sjina gewerk het, het 'n ouerige Koreaanse vrou die evangelie met my gedeel. Ek het begin om 'n Koreaanse kerk by te woon, maar ek was so deeglik gebreinspoel om ons diktator te aanbid dat ek nie in staat was om die Bybel te verstaan nie.

Eendag terwyl ek 'n loflied gesing het, het ek onbedaarlik begin huil, terwyl ek gedink het aan my vyf en drie jaar oue dogters wat ek agtergelaat het in Noord-Korea. Daardie dag is my hart gevul met die Heilige Gees en geloof het binne-in my begin ontbrand, terwyl ek geluister het na die preek. Ek het God gevra om in my hart te kom en my sondes te vergewe. Ek het ook gebid vir my gesin in Noord-Korea en hulle aan Hom toevertrou. Gedurende daardie tyd wat ek so uitgeput was en gevoel het ek het niemand om op te steun nie, het die diakens van daardie kerk my oorlaai met God se liefde. Ek sal hulle altyd dankbaar bly!

Gedurende 2009 het die Sjinese veiligheidsmagte 'n klopjag op die maatskappy waar ek gewerk het, onderneem en my gearresteer. Ek is gewelddadig gerepatrieer na Noord-Korea en gevonnis tot vier jaar tronkstraf. Terwyl ek in die tronk was, het ek so gely dat ek dit nie in woorde kan oorvertel nie en daar was tye wat ek teenoor God daaroor gekla het. 'Here, ek het my familie wat ek liefhet, gelos en my lewe gewaag om geld te maak om vir my honger gesin te stuur. Nou het ek boonop al hierdie hartseer en laat U my ook deur hierdie verskriklike straf gaan!'

Nieteenstaande alles, God was met my dwarsdeur my swaarkry. Hy het my gehelp om lofliedere tot Hom te sing toe ek besef Hy was die heeltyd by my. Die enigste troos in die tronk was die lofliedere en die gebede wat ek geleer het by my kerk in Sjina.

Noord-Koreaanse tronke is so afgryslik dat woorde dit nie kan beskryf nie. Die kos wat ons gekry het, was iets wat selfs diere nie sou eet nie. Snags moes 50-60 mense op die grond slaap in een klein kamertjie wat verskriklik sleg geruik het van die stank van die toilet. Om ons honger te stil, het ons stukkies koolblare of graan opgetel wat ons gekry het op die grond op pad werk toe. Die wagte het ons gedwing om onder haglike omstandighede deur die dag te werk. Saans moes ons deur lesings sit wat bedoel is om ons te breinspoel. Ek het swakker geword soos wat ek gewig verloor het en gevoel dat ek op die rand van 'n ineenstorting is. Ek was gevul met smart en angs en het hoop begin verloor. Ek het so siek geword dat ek mediese verlof gekry het van die gedwonge arbeid op die velde.

Ek het teruggegaan na my kamer en het gaan sit met my moeë rug gestut teen die muur. Ek het gemerk dat iemand op die grond gelê het onder 'n ou kombers wat liggies op en af beweeg het. Op daardie tydstip wat daar 'n hele aantal mense in die kamer wat ook siek was. Niemand het geweet wat die persoon onder die kombers besig was om te doen nie, maar ek het geweet. Ek was seker sy was besig om te bid.

Ek was geskok toe ek besef daar was nog iemand in die tronk wat in God geglo het. Haar liggaam was swart en blou soos sy deur die wagte geslaan is. Ten spyte daarvan het sy steeds haar gebede tot God gerig. Ek het geweet sy is in gevaar, maar ek was bang dat iemand sou uitvind ek is 'n Christen, derhalwe het ek haar nie daardie dag genader nie.

'n Paar dae later, op Nuwejaarsdag in 2011, het ek haar weer opgemerk, besig om te bid onder haar verflenterde kombers en ek het na haar toe gegaan en stilletjies gesê, 'Ek bid in Jesus se Naam'. Sy was verbaas oor my woorde en ons het stilletjies begin praat.

Haar naam was Kim en sy was 'n Noord-Koreaanse evangelis. Sy het in die Here geglo, maar is in Sjina gearresteer deur die Sjinese magte terwyl sy met Bybelstudie besig was. Sy is gedwing om terug te keer na Noord-Korea. Sy het vyf jaar tronkstraf gekry vir haar afvalligheid van Sjina.

Na ons 'n kort tydjie die evangelie met mekaar gedeel het, het ons hande gehou, saam gehuil en die Here gedank dat Hy ons laat ontmoet het sodat ons mekaar kon bemoedig te midde van sulke erge donkerheid.

Kim was baie swak toe ek haar ontmoet het. Alhoewel sy nie in staat was om te werk nie, het die wagte haar nogtans geskop en geslaan omdat sy nie reguit kon loop nie. Al wat sy daardie tyd kon doen, was om uit te roep tot God. Sy het my nogtans gevra om saam met haar te bid, terwyl sy gesê het dat as ons onophoudelik bid, God ons sal help om hierdie boosheid te oorkom.

Dit het my geloof versterk om te sien dat ten spyte van die verskriklike lyding wat sy moes verduur, niks haar van haar vreugde in haar hart kon beroof nie. Ten spyte van haar pyn en lyding het sy nie een keer gekla of gekreun nie, maar dit alles verduur deur gebed. Kim het aangehou om te getuig vir Christus te midde van daardie gevaarlike en bose omgewing waar niemand vertrou kon word nie.

Die mees skokkende ding wat ek in die tronk gesien het, was om te sien hoe Kim teruggekom het in die kamer, nadat sy gemartel is omdat sy haar geloof met iemand gedeel het, en dan sonder vrees weer gebid en onverskrokke God se liefde gedeel het met 'n ander gevangene.

Dit lyk of net 'n paar gevangenes die Here aangeneem het, maar sy het aangehou om getrou te bid en die evangelie te deel. Daar was ander gevangenes wat koud na haar gestaar het en slegte gerugte oor haar versprei het. Ek het opgemerk hoe gevaarlik dinge vir Kim geword het, derhalwe het ek met haar in die geheim gepraat. 'Kim, dinge lyk nou regtig sleg, dus wil ek hê jy moet vir 'n tydjie ophou om die evangelie te deel. As jy dit nie doen nie, gaan hulle jou doodmaak. Laat ons slegs ons vonnis uitdien en hierdie plek verlaat en weer vlug na Sjina.'

"'Ek het nog werk wat ek moet doen in hierdie plek waarheen God my gestuur het,' het Kim geantwoord. 'As ons nie ontmoedig word nie en uithou tot die einde, sal ons Here Jesus ons definitief beskerm en red.' Sy het beide my hande in hare geneem en die koor van 'n lofsang gesing, ***Moenie vrees nie, wees sterk en***

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**POSBUS 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**DIE SENDING SE UITREIKE- "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreik
- Bejaardes Uitreik
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreik
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**■ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**■ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 20/4/2018, 21/4, 28/4, 30/4, 3/5, 16/5, 21/5, 26/5, 31/5, 4/6, 11/6, 18/6.**

**ABSA BANK:- 16/4, 18/4, 19/4, 24/4 Moorreesburg, 28/4, 28/4 Bybels, 1/5, 2/5 NLM, 2/5 Moorreesburg, 2/5, 15/5, 16/5, 18/5, 22/5 Moorreesburg, 26/5, 28/5 Bybels, 1/6, 2/6 NLM, 2/6, 6/6, 11/6 Kleinmond, Noord- Korea, 13/6, 15/6, 18/6/2018.**

**■ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

***dapper. Moenie ontmoedig voel nie en moenie wanhoop nie. Die Here is naby.***

Aan die einde is Kim beskuldig daarvan dat sy 'n Christenspioen is en is gestuur na 'n konsentrasiekamp vir politieke gevangenes, waarvan dit gesê word niemand lewendig uitkom nie.

Deur al die dinge wat ek gely het, en deur die seën om Kim te kon geken het, het my geloof gegroei en was ek in staat om die genade te ondervind en te verstaan wat God aan ons bewys het deur altyd aan ons sy te wees. Ek het begin om te verstaan wat Paulus bedoel het toe hy gesê het, ***Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie*** (Rom. 8:18 OAV). Ek het geleer om ***my hoop te plaas op die heerlikheid wat kom***."

Deur God se genade is Min se vonnis verkort van vier jaar na twee jaar. Na haar ontslag het sy weereens oor die Tumenrivier na Sjina gevlug. Van daar af het sy mettertyd na Thailand en toe na Suid-Korea gevlug. Sy het haar man, twee dogters en 'n moeder agtergelaat in Noord-Korea. Sy het nog nie weer kontak met hulle gemaak nie en hulle almal is nog ongered. ***Bid*** vir hulle redding.

Min bly nou in Suid-Korea en is betrokke by bedienings wat probeer om die evangelie in Noord-Korea te versprei. ***Bid*** vir Min en die werkers wat uitreik na die hulpbehoewende mense in Noord-Korea.

*Min en Kim se name is verander en sekere besonderhede is uitgelaat ter wille van die beskerming van hulle identiteit.*

## *NOORD-KOREAANSE VLUGTELINGE*

Bill Cook, 'n medesendeling van Japansending in Thailand, het onlangs gedeel hoe hy en sy vriende in staat was om Bybels aan Noord-Koreaanse vlugtelinge te voorsien: "Party van die vlugtelinge is Christene en waardeer die Bybels verskriklik baie. Die Noord-Koreane wat oorgaan na Sjina betaal dikwels smokkelaars om hulle deur Laos na Thailand te smokkel. As hulle gevang word in Laos, kan hulle teruggestuur word na Noord-Korea, maar as hulle eers in Thailand is, kan hulle direk na die polisie gaan. Die Thaise polisie is gereed om hulle te ontvang. Omtrent 20 vlugtelinge kom elke week op die manier daar aan. Die polisie het 'n spesiale plek vir hulle om vir 'n paar dae te bly voordat hulle hulle oorhandig aan die Suid-Koreaanse ambassade. Van daar af word hulle vervoer na Suid-Korea. ***Bid*** vir hierdie vlugtelinge aangesien hulle dikwels baie moeilik aanpas by die lewe in Suid-Korea. ***Bid*** dat baie van hulle sal leer om hulle hoop en vertroue in die Here te stel."

## *DIE LEWE IN NOORD-KOREA*

1. Die helfte van die bevolking lewe in haglike armoede. Dit beteken die helfte van die 25 miljoen mense sukkel om kos te vind en in hulle basiese behoeftes te voorsien.
2. Arbitrêre arrestasies, tekort aan geregtelike prosesse en publieke teregstellings is die norm. Die doodsvonnis kan opgelê word vir verspreiding van pornografie, om te kyk na Suid-Koreaanse films, vir uitgesproke Christene of om 'n Bybel te besit.
3. Daar is 'n ***vonnisbeleid van drie generasies***. Die oortreder, asook twee generasies van die oortreder moet die gevolge van die vonnis dra. Met ander woorde, grootouers, ouers en kinders word almal gestraf.
4. Daar is ongeveer 200 000 Noord-Koreane wat in gevangeniskampe bly. Die slegste van die kampe word gehou vir hulle wat politieke oortredings begaan het en nie lojaal is aan die regime nie. Ongeveer 40% van die gevangenes sterf aan ondervoeding.
5. Dit is onwettig om jeans te dra. In die stede word vrouens nie toegelaat om langbroeke te dra of met fietse te ry nie. Vrouens se rompe moet die knieë bedek.
6. Net 28 haarstyle word toegelaat. Mans kan een van 10 haarstyle kies, terwyl vroue 18 verskillende opsies het.
7. Regeringstoestemming word vereis om 'n rekenaar te besit.
8. 'n Regeringsgekontroleerde radio word aan al die Noord-Koreaanse besighede en huishoudings voorsien, wat alleenlik sagter gestel, maar nie afgesit mag word nie.
9. Daar is glad nie snags elektrisiteit beskikbaar nie. Die meeste huishoudings kry net 'n paar uur elektrisiteit per dag.
10. Die Noord-Koreaanse werkers het omtrent geen vrye tyd nie. Hulle werk ses dae per week met die sewende dag wat hulle 'gedwonge' vrywillige werk doen.

## *NUWE WEBTUISTE*

Japansending het 'n nuwe webtuiste bekend gestel. Besoek ons asseblief en bly op hoogte met die ***nuutste nuus en gebedsversoeke*** by: **www.japanmission.org**

■ Dawid en Sue Verwey het op 26 Junie veilig in Japan gearriveer. Dawid het geskryf: "Ons het ongeveer 8 000 km afgelê sonder enige teëspoed of pap band. Prys die Here! Ons kon vriendskappe hernu en kontak maak met 'n paar nuwe kerke en individue. Ons het baie geseënd en bemoedig die VK verlaat. Baie dankie. Die Here het u gebede beantwoord."

■ *Indien u nie 'n Japansending Gebedsgids vir 2018 ontvang het nie, of nog daarvan benodig, kontak asseblief ons kantoor in Pretoria en dit sal met graagte aan u gestuur word.*